# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

**Bergrivier Munisipaliteit verseker die welstand van alle gemeenskappe in sy gebied deur ekonomiese groei, sosiale welstand, gemeenskapsbetrokkenheid en effektiewe bestuur binne ‘n veilige en gesonde omgewing.**

**As deel van Bergrivier Munisipaliteit se werkskeppingsprogram (UITGEBREIDE PUBLIEKE WERKE PROGRAM - EPWP) is die volgende tydelike vakatures beskikbaar vir die betrokke periode soos aangedui en aangesien die vakatures tydelik van aard is, kan daar geen verwagting van hernuwing of verlenging van die kontrak of ‘n permanente aanstelling wees nie.**

## DIREKTORAAT: GEMEENSKAPSDIENSTE

### 1. WETSTOEPASSINGSBEAMPTES

Porterville: 1 persoon
Piketberg: 5 persone
Velddrif: 1 persoon

**Posvereistes:** Graad 12 · Geldige kode B Bestuurderslisensie · Tussen 18 en 35 jaar oud wees · Moet in besit wees van n wetstoepassingssertifikaat · Relevante ondervinding in wetstoepassings omgewing · Bevoegdheid in ten minste twee van die amptelike tale van die Wes-Kaap (Afrikaans, Engels, isiXhosa - Lees, Skryf en Praat) · **GEEN KRIMINELE** rekord · Moet liggaamlik fiks en geestelik gesond wees · Moet in span verband kan saamwerk · Hoë vlak van verantwoordelikheid · Moet oortyd werk wanneer nodig · Kandidate moet in die Bergrivier Munisipale Gebied woonagtig wees.

**Pligte:** Gemeenskapspolisiёring en wetstoepassings operasies · Toepassing van munisipale verordeninge · Koördineer aktiwiteite wat verband hou met die beheer van verkeersvloei en publieke veiligheid · Nooddienste ondersteuning · Hantering en instandhouding van toerusting en voertuie · Instandhouding van werksareas · Soos nodig om inligting in die gemeenskap met munisipale voertuig uit te saai · Beheerkamerdienste te verrig · Beskerming van munisipale eiendom.

**Vergoeding:** R350 per dag

**Werksure:** 40 uur per week. Kandidate moet bereidwillig wees om na-ure en oor naweke te werk, asook om van tyd tot tyd soos vereis, in ander dele van die munisipale gebied, op versoek diens te lewer.

### 2. LEERLING WETSTOEPASSINGSBEAMPTES

Porterville: 1 persoon
Piketberg: 2 persone
Velddrif: 1 persoon

**Posvereistes:** Graad 12 · Tussen 18 en 35 jaar oud wees · Moet werkloos wees · Bevoegdheid in ten minste twee van die amptelike tale van die Wes-Kaap (Afrikaans, Engels, isiXhosa - Lees, Skryf en Praat) · **GEEN KRIMINELE** rekord · Moet liggaamlik fiks en geestelik gesond wees · Moet in span verband kan saamwerk · Hoë vlak van verantwoordelikheid · Moet oortyd werk wanneer nodig · Kandidate moet in die Bergrivier Munisipale Gebied woonagtig wees.

**Pligte:** Assisteer met gemeenskapspolisiёring en misdaadvoorkomings operasies · Assisteer met die toepassing van munisipale verordeninge · Inspeksie van privaat oorgroeide erwe en munisipale oopruimtes · Nooddienste ondersteuning · Hantering en instandhouding van toerusting en voertuie · Instandhouding van werksareas · Soos nodig om inligting in die gemeenskap met munisipale voertuig uit te saai · Verrig beheerkamerdienste · Beskerming van munisipale eiendom.

**Opleiding:** Geleentheid sal aan suksesvolle kandidate gegee word om hulle wetstoepassingssertifikaat te bekom.

**Vergoeding:** R250 per dag

**Werksure:** 40 uur per week. Kandidate moet bereidwillig wees om na-ure en oor naweke te werk, asook om van tyd tot tyd soos vereis, in ander dele van die munisipale gebied, op versoek diens te lewer.

**Praktiese toetsing vir beide poste:** Aansoekers wat gekortlys is sal op **Vrydag, 12 November 2021** 'n verpligte praktiese toets ondergaan. Minimum kriteria is op aanvraag beskikbaar.

**Kontrak periode vir beide poste:** 1 Desember 2021 tot 30 Junie 2022 of soos anders ooreengekom.

**ALGEMEEN:**

1. Die Munisipaliteit is 'n gelyke geleentheid werkgewer en eerbiedig die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming.
2. Die Munisipaliteit behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.
3. Alle aanstellings is onderworpe aan 'n polisieklaring wat noodwendig beteken dat applikante toestemming verleen dat dit verkry mag word.
4. Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word of nie vergesel van die dokumentasie hieronder genoem nie, sal nie oorweeg word nie.
5. Slegs aansoekers op die kortlys vir onderhoude sal gekontak word. Indien 'n aansoeker binne 2 weke na die sluitingsdatum nog geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar word dat hul aansoek onsuksesvol was.
6. Gunswerwing by enige raadslid en/of enige lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeellid van die Munisipaliteit, is ontoelaatbaar en sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer.
7. Benewens die minimum posvereistes en standplaas hierin gestel, mag daar van posbekleërs verwag word om oortyd- en bystanddiens te verrig, asook om van tyd tot tyd in ander dele van die munisipale gebied diens te lewer, soos vereis.
8. Aanstelling in sekere poste is onderhewig aan 'n sekerheidsverklaring en daar sal ook van aansoekers verwag word om 'n onderhoud- en evalueringsproses te deurloop en waar van toepassing, 'n vaktoets af te lê.
9. Die munisipaliteit eerbiedig die bepalings van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting. Met die inhandiging van u informasie en aansoek bevestig u dat die inligting wat u aan ons verskaf korrek is en 'n ware weergawe van u onlangse inligting.

'n Dekbrief met vermelding van ten minste twee kontakbare verwysings, vergesel van die voltooide voorgeskrewe aansoekvorm (op aanvraag verkrygbaar by Tel: 022 913 6000 of op die munisipaliteit se webwerf by (www.bergmun.org.za), 'n Curriculum Vitae (maksimum 3 bladsye) en gesertifiseerde afskrifte van die nodige kwalifikasie sertifikate, identiteitsdokument en bestuurderslisensie (slegs een pos per aansoekvorm) moet by die Munisipale Kantore, Piketberg ingedien word of kan gepos word na Posbus 60, Piketberg, 7320 vir die aandag van **Mnr. Cavin Cornelissen**, om hom te bereik teen nie later nie as die sluitingsdatum.

**GEEN FAKSE OF ELEKTRONIESE POS SAL AANVAAR WORD NIE.**

**SLUITINGSDATUM : WOENSDAG, 20 OKTOBER 2021 OM 15:00**